# Kersgeskenke vir kinders ingesamel

CARMEN JACOBS
CARMEN.JACOBS@ACM.CO.ZA

Die oulike video op sosiale media waar 'n juffrou aan 'n verskeidenheid oulike kindergesiggies by die Laerskool Brückner De Villiers, in Idasvallei, Stellenbosch, met ogies vol verwagting vra wat hulle graag vir Kersfees wil hê, het vinnig groot opslae gemaak en die hartsnare van sosiale gebruikers selfs so vêr as in die buiteland aangeraak.

In antwoord op die juffrou se "Wat soek jy vir Kersfees?" vraag het van die leerlinge se antwoorde alledaagse dinge wat baie in bevoorregte posisies dalk as vanselfsprekend aanvaar ingesluit.

Een van die leerlinge se Kersfeeswens was "Ek soek 'n pennesakkie juffrou" en ander versoeke was dinge soos, "'n sjokolade juffrou", terwyl nóg 'n Kerswens was,"Ek wil 'n koek hê juffrou".

Onderwyser Nicola Steenkamp het die video verfilm en sê sedert die oplaai daarvan op sosiale media, was die publiek se reaksie oorweldigend.

Die video is deel van die skool se veldtog om Kersgeskenke vir die kinders in te samel. 'n Idee wat ontstaan het na aanleiding van hul skoolhoof, Gail Kortjé, se eie dade van welwillendheid.

"Ek het al die jare geskenkies vir die leerders gegee vir die skole waar ek was," het me Kortjé gesê.

Aan Graad 12 leerlinge het sy elke jaar geskenkpakkies opgemaak het en met 'n Bybelteksvers voor die eindeksamen aan hulle gegee en selfs kleuterskole het by haar goedhartigheid gebaat.

Al hierdie uitreik-aksies het sy oor die jare uit eie onkoste aangepak, maar vanjaar het sy dit goedgedink om dinge ietwat anders te doen.

"Ek het die idee gekry dat in plaas daarvan om op ander groepe te fokus, waarom dit nie uitbrei na ons eie skool en nie net 'n spesifieke groep nie," het sy gesê.

Die doel en hoop was om meer mense te betrek, gemeenskaplike ondersteuning te werf en sodoende meer kinderharte te verbly.

Me Steenkamp, wat bemarking by die skool behartig, het hiermee gehelp. "Ek was genader vir die plasing daarvan op sosiale media. Ons het toe besluit om 'n video-opname te maak en die kinders uit te vra oor hul verwagtinge, Kersaktiwiteite, asook die ontvang van geskenke en hul wense vir Kersfees."

Die impak van die video het alle verwagtinge oortref. "Meer as 9 000 mense het ons video gekyk, selfs sover as Ierland het mense ons gekontak om 'n bydrae te maak," verklap me Steenkamp oor die gewildheid van die video.

Studente van die Universiteit van Stellenbosch het ook intussen by die skool met donasies opgedaag.

Ná 'n jaar van harde werk glo die skool die kinders verdien 'n bederf... "Ons is van mening dat ongeag elke leerder se omstandighede, elkeen geregtig is op 'n klein bietjie geluk wat ons by Bruckner De Villiers vir hulle gun. 'n Klein geskenk in 'n kind se lewe sal wonders verrig vir hierdie leerders," voeg hulle by.

Die publiek kan skenkings van nuwe speelgoed items maak soos poppe, karretjies en ander speelgoed vir die kleintjies van tussen 5 en 9 jaar. Vir ouer kinders in Graad 4 tot 7 kan naelpolitoer, toiletware soos spuitgoed, room, sepies en enige ander ouderdomgepaste geskenk gegee word.

Speelgoedvuurwapens en gewere wat met geweld verbind word sal egter nie aanvaar word nie.

Die skool versoek ook dat geskenke nie toegedraai word nie omdat hulle juis self die geskenke wil toedraai en sodoende wil dat elke kind die geskikte en gepaste geskenk ontvang.

Alhoewel die skool die geskenkprojek bedryf, is daar seker gemaak dat die ware boodskap van Kersfees nie verlore raak in 'n materialistiese of kommersiële persepsie van Kerstyd nie.

Die skool benadruk dat dit vir hulle prioriteit was om die ware betekenis van Kersfees as herdenking van Christus se geboorte, en 'n tyd van omgee vir jou medemens by die kinders tuis te bring.

Indien die publiek 'n bydrae wil maak, kan geskenke by die skool in Hectorstraat 2, Idasvallei, tussen 8vm en 3nm van nou af tot en met Dinsdag 12 Desember afgelaai word.

Kontak die skool by 021 886 6329 vir meer inligting.

• Lesers kan die video besigtig op Bolander se webwerf by https://www.bolanderlifestyle.co.za/




**■ Laerskool Brückner De Villiers onderwyser Nicola Steenkamp, en skoolhoof, Gail Kortjé by die geskenke wat hulle tot dusver ontvang het. Die skool nooi die publiek uit om hulle Kersgeskenkveldtog te ondersteun.**

**■ Cape Town Mayor, Geordin Hill-Lewis delivering his speech at the event hosted at the Girls and Boys Town South Africa (GBTSA) Western Cape Campus Macassar.**




**■ Sharing his life story and the profound impact his time spent at Girls and Boys Town South Africa has had on his life, is Sipho Njengezi, a GBTSA alumnus.**




# Community leaders and sponsors given a closer look at the work done by Girls and Boys Town South Africa

OWN CORRESPONDENT

Girls and Boys Town South Africa (GBTSA) opened its doors to their guests, community leaders, and dedicated supporters at their Western Cape Campus in Macassar for a "Tea and Tour" event on Tuesday November 14.

The purpose of the event says, GBTSA in a press statement was to showcase and spotlight the theme of "Exhibiting Good Governance" and experience "A Typical Day in the Life of a Child at Girls and Boys Town."

The event witnessed a prestigious turnout and included attendance of Mayor Geordin Hill-Lewis and the chairman of GBTSA's Board of Trustees David Daniels, among other distinguished guests.

Notably, Sipho Njengezi a GBTSA alumnus now serving as a rugby coach at SACS Schools in Cape Town, shared his transformative journey and the impact of GBTSA on shaping his life and empowering other youth.

One of the unique features highlighted during the event was GBTSA's partnership with the University of Johannesburg for a comprehensive longitudinal study. This research delves into the resilience and outcomes of youth seven years post their tenure at GBTSA.

Quick results from the latest report, available on GBTSA's website, indicate an extraordinary impact:

•92% of youth were drug and alcohol-free
•50% of youth were self-sufficient and paying for their own accommodation
•78% had a liveable income
•As many as 83% reported having at least some savings
•A remarkable 100% maintained a "crime-free" record

"These findings underscore the efficacy of our programmes and the lasting positive impact they have on the lives of GBTSA's alumni," they stated in the release.

Mr Hill-Lewis, delivered an impassioned speech underscoring the commitment to supporting NGOs like GBTSA and commended the organisation for its unwavering dedication to assisting vulnerable youth. GBTSA is a beneficiary of the Mayoral Discretionary Fund.

His words echoed the collaborative efforts between the City and GBTSA to create a safer and nurturing environment for the community's youth.

Sipho's moving account highlighted the profound role GBTSA played in his life's trajectory, emphasising how the organisation's support and guidance moulded him into the individual he is today.

His commitment to coaching rugby and empowering other youth resonated with the event's focus on mentorship and empowerment.

The chairman of GBTSA's Board of Trustees concluded the programme by sharing the organisation's unique history. His closing remarks expressed heartfelt gratitude to Mr Hill-Lewis, generous donors, fund-raising efforts, Youth Development Centre (YDC) staff and supportive suppliers who contributed resources pro bono.

"This event was a testament to our commitment to exhibit good governance and provide a glimpse into the invaluable work we do at Girls and Boys Town South Africa," said Kowsie Govinden, regional fund-raising manager (Western and Eastern Cape) of GBTSA.

"We're immensely grateful for the support of the mayor, our donors, dedicated staff and the community, enabling us to continue our mission of nurturing and empowering vulnerable youth," she added.

For more information on the work done by Girls and Boys Town, visit https://girlsandboystown.org.za/.

To learn more about the Girls and Boys Town Western Cape Campus contact Ms Govinden at kgovinden@gbtown.org.za or call 021 531 5431.